Talita Laubscher

Talita is ‘n arbeidsreg-prokureur met ‘n besondere liefde vir musiek.

Talita verwerf die grade B.Iuris *(cum laude*, 1995) en LL.B (*cum laude*, 1997) aan die Universiteit van die Vrystaat, en word bekroon word as Dux Student. Sy verwerf ook die graad LL.M (*cum laude*, 1999) aan Emory University, Atlanta, VSA.

Tesame met die regstudies kry sy formele sangopleiding. In 1996 behaal sy die Unisa Graad VIII sertifikaat met lof en word uitgenooi na die Unisa Beurskompetisie. In 1998 vertolk sy die hoofrol in *The Sound of Music* in the pragtige Sand du Plessis-teater in Bloemfontein, en sy voltooi haar Honneurs (prakties) in Sang met lof. Vanaf 1999 tot 2015 is sy ‘n privaat-student van (oorlede) Prof Werner Nel op Potchefstroom.

Dit is die beginsel van billikheid wat Talita se belangstelling in die arbeidsreg onderlê. Sy fokus veral op diskriminasie-reg en is in 2013/14 deel van die span wat Business Unity South Africa adviseer tydens die Nedlac-onderhandelinge rakende die wysigings aan die Wet op Gelyke Indiensneming. Sy publiseer wyd, onder andere *Contracts of Employment* (met Chris Todd) en jaarlikse bydraes tot *Employment Equity Law*, ‘n akademiese handbook oor gelyke indiensneming en diskriminasie in Suid-Afrika.

In 2019 neem Talita waar as regter in die Arbeidshof.

Op die sang-front fokus Talita op oratorium en lieder, en voer werke van Bach, Händel, Charpentier, Haydn en haar geliefde Mozart uit saam met verskeie kore en orkeste. ‘n Persoonlike hoogtepunt is haar deelname aan *2nd International Singing Symposium* op Potchefstroom, gerig op *Historically Informed Performance Practice* met spesifieke verwysing na die Barok en die operas van *Händel*.

Talita is getroud met Heckroodt en hulle het twee seuns, Zander en Renier.